
## HOE OM DIE COVID-19-ENTSTOF TE KRY




Die publiek sal die entstof by verskillende inentingsplekke regoor die provinsie kry. Om die entstof te kry, sal lede van die publiek vooraf moet registreer op 'n aanlyn registrasiestelsel bekend as die Elektroniese Inentingsdatastelsel (Electronic Vaccine Data System) (EIDS). Die EIDS is beskikbaar by https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/. Volg die aangeduide stappe om te registreer. Vir bystand, skakel asseblief die COVID-19-blitslyn by 0800 029 999.

## DIE VOLGENDE WORD BENODIG OM TE REGISTREER



1. Toegang tot die internet op enige toestel (selfoon, skootrekenaar, tablet, tafelrekenaar, ens)
2. U identiteitsdokument of paspoortnommer (buitelandse burgers) en algemene kontakinligting (u selfoonnommer sal as die primêre kommunikasiemiddel gebruik word)
3. U woonadres
4. As u 'n mediese fonds het, u lidmaatskapinligting
5. Met al die inligting byderhand, behoort die drie-stap registrasieproses omtrent twee tot drie minute te neem.

## EIDS: HOE WERK DIT?

**NOOI BEVOLKING OM INGEËNT TE WORD**

**1 Selfregistrasie**



**2** Kennisgewings word aan alle begunstigdes gestuur om hul registrasie te bevestig en wanneer hulle ingeënt kan word.

Registrasie met bystand by inentingsplekke.



**3 Entstof registrasie**

Wanneer u klaar geregistreer het, sal die stelsel 'n SMS stuur na die telefoonnommer wat u verskaf het. Hierdie SMS bevestig u registrasie. Dit beteken dat die stelsel nou u inligting in die ry geplaas het.

*EVDS REGISTRATION AND NOTIFICATION SYSTEM*

**4 Entstof bevestiging**

Wanneer dit u beurt is om ingeënt te word, sal die stelsel nog 'n SMS aan u stuur met 'n datum en plek waar u ingeënt sal word.

**5 Entstof administrasie en datavaslegging op EIDS**

Die inentingsbeampte dien die entstof toe en lê die nodige inligting op EIDS vas. Indien 'n twee-dosis entstof toegedien word, sal begunstigdes later 'n SMS ontvang om hulle aan die afspraak vir die tweede dosis te herinner.

*EVDS VACCINE ADMINISTRATION*

## UKUTHOLA ULWAZI OLUTHE XAXA

**STEM:** 0800 428 8364 OF 0800 22 88 27 (TOLVRY)
**USSD:** *134*47472# OF *134*GPGSA# (GRATIS)
**E-POS:** support@gauteng.gov.za en hotline@gauteng.gov.za
**WHATSAPP:** 082 601 1000
**WEBWERF:** gauteng.gov.za/Hotline
**TWITTER:** @GautengHotline
**FACEBOOK:** Gauteng Hotline

GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT REPUBLIC OF SOUTH AFRICA — STAY SAFE — GGT2030 GROWING GAUTENG TOGETHER

# COVID-19 VACCINATION PROGRAMME







## ALLES WAT U MOET WEET OOR DIE COVID-19 INENTINGSPROGRAM

GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT REPUBLIC OF SOUTH AFRICA — STAY SAFE — GGT2030 GROWING GAUTENG TOGETHER

# FASES VAN DIE INENTINGS-PROGRAM

**Die inentingsprogram sal met 'n ingefaseerde benadering uitgevoer word, wat begin met die kwesbaarste persone in die bevolking. Die Gauteng Departement van Gesondheid beoog om meer as 10 miljoen mense teen Februarie 2022 in te ent.**





## VOORDELE VAN DIE COVID-19-ENTSTOF

- Inenting is 'n veilige en effektiewe manier om die uitbreek van siektes te voorkom en om lewens te red.
- Die COVID-19-entstof bied die beste kans om nuwe infeksies, erge siekte en hospitalisasie te verminder.
- Die COVID-19-entstof en nie-farmaseutiese maatreëls is die mees effektiewe maniere om die oordrag van COVID-19-infeksies te voorkom.
- Wanneer ons kies om ingeënt te word, beskerm ons onsself en die mense rondom ons.



## VERSKEIE STAPPE IS GENEEM OM TE VERSEKER DAT DIE COVID-19-ENTSTOF VEILIG IS



- Alle entstowwe wat deur die Suid-Afrikaanse Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte (SAHPRA) goedgekeur is, is beproef dat dit veilig en effektief is.
- Sommige mense mag newe-effekte ervaar, soos hoofpyne, gewrigspyne, spierpyne, pyn op die plek waar hul ingespuit is, moegheid, kouekoors, koors en swelling op die plek waar hul ingespuit is. Kontak u gesondheidsversorger onmiddelik as die newe-effekte vererger.

## INLIGTING WAT GEDURENDE REGISTRASIE VERSKAF WORD, SAL AS VOLG GEBRUIK WORD:

- Om persone wat vir inentingsvoordele in aanmerking kom, te identifiseer
- Om vir die voorsiening van entstof en aanvullende items te beplan
- Om begunstigdes na hul naaste beskikbare dienspunt aan te wys
- Om met ingeskrewe persone oor die inentingsprogram te kommunikeer in verband met hul benoembaarheid, wanneer en waar hulle ingeënt sal word, en opvolgafspake vir inenting

## HOE REGISTREER EK AS EK NIE TOEGANG TOT DIE INTERNET HET NIE OF AS EK ONBEWEEGLIK IS?

- Persone wat nie toegang tot die internet of mobiele toestelle het nie, kan vooraf registreer vir inenting by hul plaaslike inentingsplek.
- Persone wat onbeweeglik is, sal by hul wonings deur gemeenskapsgesondheidsorgwerkers geregistreer word wat sal reël dat hulle by die huis ingeënt word.
- Daar sal ook registrasiepunte by die volgende plekke wees:
  - Betaalpunte vir maatskaplike toelae
  - Instellings waar daar baie mense bymekaarkom, soos ouetehuise en korrektiewe fasiliteite
- Die Gauteng blitslyn sal ook bystand verleen om persone wat vir inentingsvoordele benoembaar is, te registreer (die kontakbesonderhede is onder Vir meer inligting).